Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NOORDWES PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 6

## LEWENSVAARDIGHEDE

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 60/2=30**
**TYD: 75 Minute**

**LEERDER:** ____________________________________________________________

**SKOOL:** ______________________________________________________________

**AREA KANTOOR:** _______________________________________________________

**DISTRIK:** _____________________________________________________________

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**Instruksies aan leerders.**

1. Hierdie vraestel betaan uit DRIE afdelings nl. AFDELING A, B en C.
2. Alle vrae is verpligtend.
3. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
4. Lees al die instruksies aandagtig deur alvorens vrae beantwoord word..
5. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1

Pas die Stellings in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter in Kolom C hieronder.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Verbranding van ‘n liggaam. | A | Deurgangsrites |
| 1.2 | Gebruike geassosieer met verandering van een stadium na ‘n ander. | B | bemiddelaar |
| 1.3 | Besluit wat die mees belangrikste is. | C | vaardigheid |
| 1.4 | Om in staat te wees om iets goed te doen. | D | verassing |
| 1.5 | Persone wat mense of groepe help om argumente op te los of tot ‘n vergelyk te kom. | E | prioritiseer |

**KOLOM C**

| 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**[5]**

### VRAAG 2

Meld of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf die antwoord van elke vraag in die spasies hieronder.

2.1 Malaria is ‘n gevaarlike siekte wat deur ‘n <u>wurm</u> versprei word.

_______________________________________________ (1)

2.2 Seksisme is die onredelike of diskriminerende gedrag teenoor mense, op grond van geslag .

_______________________________________________ (1)

2.3 ‘n Vrywilliger is iemand wat bereid is om te werk teen betaling met die doel om die gemeenskap te help .

_______________________________________________ (1)

2.4 Die olifant is die nasionale dier van Suid-Afrika.

_______________________________________________ (1)

2.5 Dierewelsyn is die algemene gesondheid, veiligheid en gelukkigheid van diere.

_______________________________________________ (1)

**[5]**

**VRAAG 3**

Kies die korrekte antwoord vanuit die lys woorde hieronder om elk van die volgende sinne te voltooi. Skryf die antwoord in die oop spasies.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **gerespekteer** | **griep** | **Groepsdruk** | **verantwoordelik** | **gepreserveer** |

3.1 Kinders moet pligte tuis hê waarvoor hulle __________________________ is voor. (1)

3.2 Waardigheid beteken om____________________________te word vir wie jy is en waarin jy glo. (1)

3.3 Mense het voedsel _________________________ deur gebruik te maak van rook (afkomstig van hout), sout en asyn. (1)

3.4 Mense kry ____________________vanaf siek mense wat hoes en nies. (1)

3.5 __________________________ is wanneer iemand jou probeer dwing om iets te doen wat jy nie wil doen nie. (1)

**[5]**

**VRAAG 4**

Omkring die letter van die mees korrekte antwoord.

4.1 As iemand deur ‘n slang gepik word, moet jy eerste...

A iets styf bo die slangbyt bind.
B die persoon na ‘n hospital of kliniek neem.
C die persoon water gee om te drink. (1)

4.2 As iemand iets giftig geëet of gedrink het, moet jy …

A die persoon na ‘n hospital haas.
B die persoon so stil as moontlik hou.
C die persoon laat opgooi. (1)

4.3 Jy kan HIV kry deur …

A ‘n persoon wat HIV positief is te soen.
B deur seks sonder ‘n kondoom met ‘n persoon wat HIV positief is te hê
C deur uit dieselfde koppie te drink as ‘n persoon wat HIV positief is. (1)

4.4 ‘n Belangstelling is iets

A waarin jy goed is
B wat jy geniet om te doen
C waarvan jy nie hou om te doen nie . (1)

4.4 Tyd-bestuursvaardighede beteken…

A ‘n vermorsing van tyd
B dat alles langer neem
C dat jy alles op tyd afhandel. (1)

**[5]**

**VRAAG 5**

Lys DRIE gelowe wat in Suid-Afrika gevier word.

5.1 ______________________________________________ (1)

5.2 ______________________________________________ (1)

5.3 ______________________________________________ (1)

**[3]**

**VRAAG 6**

Bestudeer die prentjies hieronder en identifiseer TWEE maniere hoe mense gesond kan bly.




6.1 ______________________________________________ (1)

6.2 ______________________________________________ (1)

**[2]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**AFDELING B**

**VRAAG 7**

Lees die volgende Gevallestudie noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Hoe dade van goedhartigheid ‘n rimpeleffek kan hê.

Net na Tom se troue, het hy aan sy nuwe vrou Martha voorgestel dat hulle elke jaar met Kersfees ‘n anonieme geskenk aan iemand moet gee. Hulle het gevoel dat dit die ware betekenis van Kersfees was.

Martha het ‘n vriend gehad aan wie sy baie geheg geraak het oor die jare. Een jaar, net voor Kersfees, het haar vriend wat twee kinders gehad het, haar werk verloor en het baie min spaargeld gehad en kon nêrens vir hulp aanklop nie. Martha en Tom het gevoel dat hulle moet help, maar dat dit anoniem gedoen word. Hulle het ‘n geskenkbewys by ‘n plaaslike voedselwinkel gekoop en aan haar gepos sonder ‘n terugstuuradres. Hulle het ‘n vriend gevra om die adres op die koevert te skryf sodat sy nie die handskrif kon herken nie. Hulle het dit vanaf ‘n ander dorp gepos, so die posseël was onbekend.

Vier jaar later, ook tydens Kersfees-tyd, het Martha besluit om haar vriend te vertel wie die geskenk gestuur het. Nadat sy dit gedoen het, het haar vriend net geglimlag en gesê dat sy vanaf daardie Kersfees andere wat in nood was elke Kersfees help.

Dit wys net weereens hoe ‘n klein daad van goedhartigheid ‘n rimpeleffek kan hê.

**[Aangepas vanuit: *Via Afrika Lewensvaardighede Graad 6*]**

Beantwoord die volgende vrae.

7.1 Verduidelik wat bedoel word met “anoniem”.

______________________________________________________

____________________________________________________ (1)

7.2 Noem EEN daad van goedhartigheid wat jy in die Gevallestudie gevind het.

____________________________________________________ (1)

7.3 Noem TWEE dade van goedhartigheid wat jy in die gemeenskap kan verrig.

7.3.1 ______________________________________________

7.3.2 ______________________________________________ (2)

74. Watter effek het Tom en Martha se daad van goedhartigheid op hulle vriend gehad?

______________________________________________ (1)

**[5]**

**VRAAG 8**

Voltooi die volgende tabel deur die basiese eerstehulp behandeling te noem wat benodig word vir die spesifieke tipe besering of situasie soos hieronder aangedui.

| **Situasie** | **Behandeling** |
|---|---|
| Sny en skaafplekke | |
| Brandwonde | |
| Bysteek | |

**[3]**

**VRAAG 9**

Definieer die volgende konsepte.

9.1 Antibiotika

______________________________________________

______________________________________________ (1)

9.2 Konflik

______________________________________________

______________________________________________ (1)

9.3 Potensiaal

______________________________________________

______________________________________________ (1)

9.4 Oordraagbare siektes

______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

9.5 Selfagting

______________________________________________________

______________________________________________________ (1)

**[5]**

**VRAAG 10**

Watter nasionale dae word op die volgende datums gevier?

| **Datum** | **Nasionale Dag** |
|---|---|
| 16 Junie | |
| 18 Julie | |
| 9 Augustus | |

**[3]**

**VRAAG 11**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Mapaseka se ouer suster Sizakele is trots om te sien dat sy in ‘n jong dame verander. Sizakele kan sien dat haar klein suster ook die veranderinge aan haar liggaam geniet, omdat sy skielik nuwe selfvertroue het. Mapaseka het na haar ouer suster opgesien wie altyd ‘n goeie voorbeeld was terwyl sy haar aangemoedig en ondersteun het.

11.1 Wat dink jy het veroorsaak dat Mapaseka nuwe selfvertroue het?

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

11.2 Hoe weet jy vanuit die storie dat Mapaseka se suster ‘n positiewe invloed op haar selfbeeld het? Noem een rede.

______________________________________________________ (1)

11.3 Watter woord uit die storie dink jy dui aan dat Mapaseka haar liggaamsveranderinge verstaan en respekteer? ____________________ (1)

**[4]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C**

**VRAAG 12**

12.1 Bestudeer die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




12.1.1 Wat dink jy gebeur in die prentjie?

____________________________________________ (1)

12.1.2 Skryf ‘n paragraaf van omtrent DRIE (3) sinne oor hoekom jy dink mense dit aan ander mense doen. (3)

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

12.2 Hieronder is ‘n prentjie van ‘n konfliksituasie



12.2.1 Beskryf hoe die twee vaardighede hieronder gebruik kan word om die konfliksituasie op te los.

Bemiddeling ______________________________________

______________________________________________

Vredemaking ______________________________________

______________________________________________ (2)

12.2.2 Verduidelik die rol van die bemiddelaar in die konfliksituasie.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

**VRAAG 12.3**

Noem die stappe om ‘n argument te bemiddel.

STAP 1: ______________________________________

STAP 2:______________________________________

STAP 3: ______________________________________

(3)

**[10]**

**VRAAG 13**

13.1 Wat beteken groepdruk?

______________________________________________________________ (1)

13.2 Verduidelik VIER (4) dinge wat jy kan doen om groepdruk te vermy.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**GROOTTOTAAL: 60**